Nog gedagtes oor die doodstraf

In die eerste uitgawe van *Consultus* (bl 15) het 'n artikel van J P J Coetzer SC onder die opskrif *Beskouings oor die doodstraf* verskyn. Hieronder verskyn twee opvolgartikels, geskryf deur advokate van Pretoria.

J L van der Merwe SC opper o.a. die voorstel dat 'n adviesraad in die lewe geroep word om die Staatspresident van advies in halssake te dien terwyl W P N Sceales die standpunt stel dat daar wel 'n moontlikheid bestaan dat 'n onskuldige persoon ingevolge die bestaande stelsel in Suid-Afrika tereggestel kan word.

Verdere kommentaar (ook in die vorm van briewe) oor hierdie belangrike aangeleenthede sal verwelkom word. – Redakteur

J L van der Merwe SC, skryf:

Coetzer se voorstelle

In die April 1988 uitgawe van *Consultus* het J P J Coetzer SC in 'n weldeurdagte artikel oor die doodstraf onder meer voorgestel dat aan verhoorhowe 'n diskresie verleen moet word om selfs in gevalle van moord sonder versagtende omstandighede nie die doodstraf op te lê nie. Bogemelde voorstel sal wel 'n verbetering wees op die huidige stelsel waar daar, anders as by ander misdade, geen diskresie vir die hof verleen word om ook genade 'n rol te laat speel by straftoemeting nie.

Coetzer meld dat die beswaar teen die verlening van 'n diskresie aan die verhoorregter daarin geleë mag wees dat daar 'n te groot verskil sal wees in die benadering van individuele regters en dat sommige regters miskien vanweë hul persoonlike houding teenoor die doodstraf 'n ander straf sal oplê in omstandighede waar baie regters wel die doodstraf sou opgelê het.

Coetzer meen egter dat die wetgewer die nodige vertroue moet hê dat regters nie hul persoonlike gevoelens 'n rol sal laat speel nie.

Coetzer meen verder dat daar 'n outomatiese reg van appèl behoort te wees in gevalle waar die doodstraf opgelê word, ten spyte van die ekstra werkslading wat dit op die Appèlhof sal plaas. Hy meen ook dat die *pro Deo*-stelsel vervang moet word met 'n regshulpstelsel in gevalle waar die doodstraf moontlik opgelê kan word.

Alternatiewe voorstel

Bogemelde gedagtes is inderdaad



stimulerend en verdien beslis oorweging. 'n Alternatief vir Coetzer se idee om aan die verhoorregter 'n diskresie te verleen om nie die doodstraf op te lê nie, sou wees om aan die Appèlhof die bevoegdheid te verleen om, waar die doodstraf wél as 'n verpligte straf opgelê is, dit te vervang met tronkstraf ten spyte daarvan dat versagtende omstandighede nie gevind kan word nie. Hierdie gedagte sou aansluiting vind by Coetzer se idee dat daar 'n outomatiese reg van appèl moet wees in gevalle waar die doodstraf opgelê word. Die voordeel van hierdie prosedure, bo die verlening van 'n diskresie aan die verhoorregter, sal wees dat daar groter eenvormigheid sal wees, aangesien die diskresie nou aan 'n kleiner groep regters toevertrou word en ook omdat daar op appèl minstens drie regters oor elke saak sit. Dit sal dus voorkom dat 'n indiwiduele regter se opvattings so 'n sterk rol speel as wat die geval mag wees indien die diskresie aan die verhoorregter toevertrou word.

Staatspresident se probleem

Ek meen egter dat bogemelde voorstelle nog steeds nie heeltemal bevredigend sal wees nie. Dit is eenvoudig so dat daar dikwels nog ander faktore of omstandighede na vore kom wat nie in die hofsaak oorweeg is nie. Tans is dit die verantwoordelikheid van die Staatspresident om hierdie faktore in ag te neem alvorens hy besluit om die betrokke persoon te begenadig al dan nie. Verder moet die Staatspresident in gevalle waar daar na bewering nuwe getuienis ontdek word nadat die appèl reeds afgehandel is, besluit of die nuwe getuienis van sodanige aard is dat hy die saak na die verhoorhof moet terugverwys. Dié besluit kan soms uiters moeilik wees. Die Staatspresident sit verder met die probleem dat daar dikwels politieke en ander groepe is wat in bepaalde gevalle druk op hom probeer uitoefen. Sodanige druk kan dit eintlik maar net moeiliker maak om 'n besluit te neem op die ware meriete van die geval. Weliswaar is dit so dat die Staatspresident die voordeel het van 'n aanbeveling van die regsadviseurs van die Departement van Justisie. Ek aanvaar dat hierdie regsadviseurs baie moeite doen om 'n saak weer eens na te vors en te laat navors alvorens hulle 'n aanbeveling aan die Staatspresident doen. Nogtans geskied die navorsing in die geheim, en het die veroordeelde en sy regsadviseurs geen insae in welke oorwegings hier in ag geneem word nie.

Die regsadviseurs en ook die Staatspresident het verder nie die voordeel van 'n argument aan beide kante van die saak nie.

Adviesraad vir Staatspresident

Wat ek ter oorweging wil noem is die moontlikheid dat 'n adviesraad ingestel kan word om die Staatspresident te adviseer oor die besluite wat hy moet neem, naamlik om 'n persoon te begenadig of nie en moontlik om die saak terug te verwys na die verhoorhof om verdere getuienis aan te hoor. So 'n adviesraad kan na my mening funksioneer onder voorsitterskap van die Hoofregter en kan verder bestaan uit 'n aantal vooraanstaande regsgeleerdes soos afgetrede Appèlregters, regsprofessore en verteenwoordigers van die Balie, asook 'n paar persone met hoë aansien uit die gemeenskap. Die raad kan dan van verdere inligting voorsien word deur die Staatsregsadviseurs en kan ook vertoë aanhoor van sowel die regsverteenwoordigers van die veroordeeldes as die betrokke prokureur-generaal. Daarna kan die raad 'n (openbare?) aanbeveling doen aan die Staatspresident, wat die finale seggenskap het.

'n Raad soos voorgestel behoort die taak van die Staatspresident aansienlik te vergemaklik en die politieke en ander druk op die Staatspresident aansienlik te verminder en behoort ook groter tevredenheid by die familie van veroordeeldes en die breë publiek te skep dat die veroordeelde se saak behoorlik oorweeg is.

Indien hierdie idee gunstig oorweeg sou word, sou dit na my mening ook nie nodig wees om enige veranderings aan die verhoorhowe of die Appèlhof se huidige bevoegdhede aan te bring nie. Na my mening sou dit egter noodsaaklik wees dat so 'n raad vir 'n groot komponent bestaan uit vooraanstaande regsgeleerdes ten einde te verseker dat die advies waarmee die Staatspresident gedien word, berus op relevante oorwegings, eerder as politieke of emosionele oorwegings. ■

W P N Sceales se bydrae:

Stukrag aan debat oor doodstraf

Die artikel deur J P J Coetzer SC getitel "Beskouings oor die Doodstraf" (*Consultus*, Vol 1 No 1) het verdere stukrag aan die belangrike debat oor die doodstraf in Suid-Afrika verleen. Persoonlik gaan ek akkoord met die grootste gedeelte van wat Coetzer geskryf het en in die besonder met sy onderskrywing van regter Van den Heever se voorstel dat die bepaling van straf in moordsake in die geheel aan die diskresie van die howe oorgelaat word. Trouens, ek sou die voorstel steun as eerste stap in die rigting van die afskaffing van die doodstraf.

Foutiewe teregstellings kan voorkom

Ek vind egter dat ek nie akkoord kan gaan nie met Coetzer se gevolgtrekking dat die risiko van die teregstelling van 'n onskuldige persoon in Suid-Afrika nie bestaan nie of altans dat sodanige risiko uiters skraal is. Ek deel nie Coetzer se vertroue in die voorsorge teen wat hy paslik beskrywe as "die gedagte (van 'n foutiewe teregstelling) wat so verontrustend is dat geen steen hoegenaamd onaangeroer gelaat behoort te word om so iets te voorkom nie".

Dit is belangrik om Coetzer se vertroue in die voorsorge teen 'n foutiewe teregstelling in perspektief te stel. Ek sal dus poog om die kernpunte van sy standpunt uit te lig. Ek



verwys na die volgende aanhalings en stellings:

- "Skrywer kan met 'n oop gemoed konstateer dat sover sy ervaring en kennis strek (hy was vir baie jare intiem gemoeid met halssake - vir tien jaar as Sekretaris/Direkteur-generaal van Justisie) so 'n gevaar nie in Suid-Afrika bestaan nie en mits standaarde in die toekoms nie verslap word nie, dit ook nie in die toekoms sal bestaan nie."
- Coetzer verwys voorts na die eerste voorsorg, naamlik die waarborg van 'n sterk regbak en die verdere appèl na die Appèlafdeling, mits die veroordeelde die nodige verlof ontvang.
- Coetzer verwys daarna na die tweede voorsorg, te wete die inwerkingtreding van 'n ander fase op 'n heel ander vlak, naamlik die uitvoerende vlak, en verwysende na die staatsregsadviseurs se rol verklaar hy: "Hulle is ook geroepe om met inagneming van die notule van die hofverrigtinge asook enige verdere stukke wat ingedien is sover as wat menslik moontlik is absoluut seker te maak dat die veroordeelde inderdaad die betrokke misdaad gepleeg het en dat 'n onskuldige persoon dus nie tereggestel word nie."
- "In een bepaalde saak (sover skrywer weet die enigste ooit) was die twyfel oor die aangeklaagde se skuld sodanig dat die doodvonnis deur die Uitvoerende Raad versag en die veroordeelde summier uit die gevangenis vrygelaat is."
- "Ter samevatting: Vanweë die deurtastende en noulettende wyse waarop halssake op uitvoerende vlak oorweeg word en die Minister se bevoegdheid om sodanige sake na die Appèlhof te verwys, bestaan daar, sover skrywer se ervaring strek, menslikerwys geen moontlikheid dat 'n onskuldige persoon in Suid-Afrika tereggestel word nie."

Situasies waar foutiewe teregstellings moontlik is

Skrywer wil suggereer dat daar minstens hipotetiese situasies bestaan waar 'n persoon skuldig bevind en ter dood veroordeel kan word waar nòg die voorsorg van 'n sterk regbank, nòg die sorgvuldige heroorweging van die saak deur die regsadviseurs van die Departement van Justisie voldoende sal wees om die ver-